Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BIngHons Bio-ingenieurswese (12240203)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	128

Programinligting

Die leergang word in oorleg met die betrokke departementshoofde bepaal. 'n Student moet in modules met 'n totaal van minstens 128 krediete slaag.

Die graad word slegs op grond van eksamens toegeken.

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van Reg. G.1.3 en G.54 word ‘n BIng-graad of ‘n gelykwaardige kwalifikasie vir toelating vereis.

Ander programspesifieke inligting

Studente mag 32 krediete se modules uit ’n ander spesialisrigting of departement neem, met toestemming van die Koördineerder: Nagraadse studie.

Dit is ’n vereiste dat ’n student al drie bio-ingenieurswese honneursmodules sowel as Inleiding tot navorsing 732 (EIN 732) moet voltooi, ten einde vir ’n magister of PhD in Bio-ingenieurswese te kan registreer.

Eksamens en slaagvereistes

i. Die eksamen in elke module wat die student volg, word in die eerste normale eksamentydperk na afsluiting van klasse (dit wil sê Oktober/November of Mei/Junie) afgeneem.
ii. 'n Student vir die honneursgraad moet sy of haar studie in die geval van voltydse studente binne twee jaar, en in die geval van na-uurse studente, binne drie jaar na eerste registrasie vir die graad voltooi, met dien verstande dat die Dekaan, op aanbeveling van die departementshoof, in buitengewone omstandighede 'n vasgestelde beperkte verlenging van die tydperk kan goedkeur.
iii. 'n Student moet in elke module minstens 50% in die eksamen behaal waar 'n semester- of jaarpunt nie vereis word nie. 'n Module mag net een maal herhaal word.
iv. In gevalle waar daar wel 'n semester- of jaarpunt toegeken word, word 'n minimum eksamenpunt van 40% en 'n finale punt van 50% vereis.
v. Geen her- of spesiale eksamens word op nagraadse vlak toegestaan nie.

Slaag met lof

'n Student slaag met lof as hy of sy 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% behaal het in die eerste

128 krediete waarvoor geregistreer is (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit). Indien die student enige module druip (modules wat betyds gestaak is, uitgesluit), kan die graad nie met lof behaal word nie.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 128

Kernmodules

Bioseine en -stelsels 732 (EBB 732) - Krediete: 32.00
Bioelektromagnetisme en -modellering 732 (EBI 732) - Krediete: 32.00
Bioelektrisiteit en -elektronika 732 (EBE 732) - Krediete: 32.00
Inleiding tot navorsing 732 (EIN 732) - Krediete: 32.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.